# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V3

SEPTEMBER 2024

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2½ uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Lang Transaksionele Teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Kort teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **Afdeling A: 70 minute**
   **Afdeling B: 50 minute**
   **Afdeling C: 30 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.**

11. **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.**

12. **Skryf netjies en leesbaar.**

13. **Vul jou buiteblad volledig in.**

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250-300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 – 1.6.3.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By vraagnommer 1.6, 1.7 of 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Daar is 'n bom in ons skool! [50]

1.2 My selfoon. [50]

1.3 Ek sal nooit hierdie persoon vergeet nie. [50]

1.4 Ek het die reg om te sê wat ek wil. [50]

1.5 'n Glimlag kos niks nie! [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



BRON: www.funjet.com [50]

1.6.2




BRON: timeslive.co.za

[50]

1.6.3




[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF

Jy is aanvaar by die universiteit van jou drome in ‘n studierigting wat jy nog altyd wou volg.

Skryf nou ‘n INFORMELE BRIEF aan jou ouma om vir haar die goeie nuus te vertel. [30]

### 2.2 FORMELE BRIEF (KLAGTE)

Jy gaan doen gereeld inkopies by ‘n groot supermark naby jou huis. Daar is ‘n paar dinge by hierdie supermark waarvan jy nie hou nie.

Skryf ‘n FORMELE BRIEF (klagtebrief) aan die bestuurder van die supermark waarin jy oor hierdie dinge kla. [30]

### 2.3 HULDEBLYK

Een van jou klasmaats kan as gevolg van swak gesondheid nie sy skoolloopbaan voltooi nie. Julle klas gee vir hom ‘n afskeidspartytjie waartydens jy as klasleier, ‘n huldeblyk moet lewer.

Skryf die HULDEBLYK. [30]

### 2.4 DIALOOG

Jou beste vriend/vriendin maak ’n gewoonte daarvan om laat te kom. Dit het al tot vele rusies gelei, maar nog steeds kom hy/sy laat. Skryf die dialoog tussen jou en jou vriend/vriendin waar jy hom/haar baie duidelik laat verstaan dat jy hierdie gedrag nie meer gaan duld nie. Gee ook voorstelle wat hy/sy kan doen om betyds te wees

Skryf die DIALOOG. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy het onlangs jou bestuurslisensie en ‘n motor gekry. Jy wil jou motor gebruik om mense se inkopies vir hulle te doen en by hulle huise af te lewer.

Ontwerp ‘n ADVERTENSIE om mense van jou dienste te vertel. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou beste maat se pa het sy werk verloor. Die gesin kry nou baie swaar. Jy wil jou ouers vra om hulle te help.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die aand vóór jy met jou ouers gesels het.
- Die aand nádat jy vir jou ouers gevra het om jou vriend se gesin te help. [20]

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/in gaan saam met jou met vakansie. Dit sal die eerste keer wees dat hy/sy saam met julle gaan. Verduidelik aan hom/haar wat jou ouers se reëls vir die vakansie is.

Skryf agt INSTRUKSIES vir jou vriend/in neer oor hoe hy/sy hom/haar tydens die vakansie moet gedra of nie gedra nie. [20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL : 100**